



*Dra asb die
sake vir
Voorbidding
aan die
Here op:*

- Bid asb dat lidmate met vertroue in die Here se voorsienigheid hul bydraes tot die GGO's maak.
- Dank die Here vir Sy leiding tydens die aanstellingsproses van 'n nuwe leraar.
- Bid asb vir al ons lidmate wat tans siek is met Covid.



- Bid asb vir die kinders in Môreson Jeugsorgsentrum dat hulle op die Here vertrou vir krag en wysheid om versoekings en euwels te weerstaan.
- Bid asb vir ons leraars en hul gesinne in hierdie tyd van verandering en vernuwing.



- CREMHOG, Badisa, VGK, sopkombuis, CREDO en ander organisasies se bediening aan mense in nood.
- INkonteks: Ons bid vir Myanmar. Lees meer op ons web- en facebook bladsye.





vír

MIANMAR



10 Maart
2021

Dat die Here
die militêre
leiers se
harte sal
versag

Dat die
geweld tot 'n
einde sal kom

Dat die
Christen-
minderheid 'n
impak op
hulle nasie
sal hê



Foto: [www.timesofisrael.com/Myitkyiana News Journal](http://www.timesofisrael.com/Myitkyiana-News-Journal)

*Gewelddadige optrede teen betogers
terwyl die owerhede betogings (in protes
teen die staatsgreep) probeer onderdruk.*

Liewe gebedsvriende

Een van die grootste betogings nóg, het op Sondag, 7 Maart, in Yangon, Mianmar se grootste stad, plaasgevind. Polisie-optrede teen hierdie betoging het die gebruik van skokgranate en traangas ingesluit. In Mandalay, die tweede grootste stad, het duisende mense aan 'n sitstaking deelgeneem. Ten spyte van feller, gewelddadige ingryping deur die owerheid, gaan die betogings, in protes teen die staatsgreep, steeds voort. Aktiviste en beamptes van die National League for Democracy (NLD) word in nagtelike klopjagte geteiken. Volgens die Verenigde Nasies (VN) is minstens 50 mense al dood sedert die betogings vroeg in Februarie begin het. Wydverspreide stakings is deur Mianmar se grootste vakbonde gereël nadat die weermag die verkose leier, Aung San Suu Kyi en beamptes van die National League for Democracy (NLD) op 1 Februarie aangehou en beheer van die land oorgeneem het.

Verskeie godsdiens- en etniese minderheidsgroepe is in die nadraai van die staatsgreep aangeval. Hulle is hulle basiese menseregte ontsê. Volgens die International Christian Concern (ICC), het die weermag en polisie op 28 Februarie twee klopjagte op die Kachin Baptist Church (KBC) in Lashio, in die Shan-staat, uitgevoer, waartydens 14 Christene, wat teologiese studente en vier predikante insluit, in hegtenis geneem is.

Christene is die grootste godsdienstige minderheidsgroep in Mianmar (sowat 8%), waarvan die meerderheid Evangeliese Christene is – sowat 5% van die totale bevolking. Ten spyte van die moontlikheid van straf, het sommige Christelike instansies en predikante(as individue) hulle téén die staatsgreep uitgespreek en dit veroordeel. Gelowiges, tesame met hulle Boeddhistiese volksgenote, het 'n week ná die staatsgreep die strate ingevaar en in die geloof dat God aan die mense se kant is, in desperaatheid gebid dat Hy geregtigheid sal laat geskied. In 'n foto wat op sosiale media versprei is, kan gesien word hoe 'n Katolieke non, wat aan die betogings deelgeneem het, in gebed voor die gewapende magte kniel, terwyl sy hulle smeek om nie op die betogers te skiet nie en om 'n einde aan die geweld te maak.

Verlede maand het Christene in Mianmar die Liggaam van Christus wêreldwyd versoek om vir hulle te bid. Sedertdien het die situasie egter vererger. Bid asseblief saam met ons vir Mianmar.

“Ons kan nie almal argumenteer nie, maar ons kan almal bid; ons kan nie almal leiers wees nie, maar ons kan almal pleit; ons kan nie almal welsprekend wees nie, maar almal van ons kan gereeld en volhardend bid.” (C.H. Spurgeon)